

Inhoud Hierdie preek wys dat ons in die Nagmaal verseker word dat God ons nie vir ons sondes breek nie, maar dat Jesus vir ons sondes gebreek is. Daarom roep die Here ons deur die Nagmaal op tot 'n bekering waarin Hy ons heel vir sy liefde gemaak het. In afgodsdienste word die Nagmaal die teken wat jou wys hoe jy jouself in en deur 'n bekering moet breek om vir God reg te wees.

Skriflesing Romeine 8: 1 – 4, 12 – 17; Esegieël 36: 24 – 28.

Teks Romeine 8: 15 “Julle het immers nie 'n Gees ontvang wat verslawing bring sodat julle weer bang hoef te wees nie, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons “Abba Vader.”

Tema In die Nagmaal ontvang en word ons met die Heilige Gees vervul

1. Op die Nagmaaltafel sien u die tekens wat ons wys dat Jesus Christus is vandag mens van vleis en bloed in die hemel. In en met hierdie tekens bevestig God aan ons wie het vir wie gebreek en uitgegiet. Ons sien op die tafel gebreekte brood en wyn wat uitgegiet is. Dit is, ons sien 'n mens wat gebreek en wie se bloed gevloei het.

Hiermee wys en bevestig die Here self duidelik en onbetwisbaar, wie het vir wie en waarvoor gebreek!

God die Vader het sy Seun Christus as mens gebreek om ons heel in sy liefde te maak! Paulus kondig dit só aan: “Deur sy eie Seun vanweë die sonde in die sondige gestalte van die mens te stuur, het Hy die sonde in die mens veroordeel.” God die Vader het God die Seun gestuur om die sondige mens te wees, wie ons is, om só ons sonde te veroordeel. Christus word deur die Vader gebreek deurdat Hy as sondaar veroordeel, vervloek, gestraf, vernietig en verwerp word.

So! Wie het vir wie gebreek? Die Vader het sy Seun gebreek, Hom gestuur om die gebroke sondaar te wees. Dit sien ons tog in die tekens van die Nagmaal. Dit is Jesus Christus se gebreekte liggaam en Jesus Christus se bloed wat uitgegiet is, en dit is wat die Vader met sy Seun gedoen het.

2. Waarvoor?

Nie omdat sy Seun sondig is nie. Hy is gestuur in die “gestalte” wat beteken om 'n sondige mens te wees, al het Hy geen sonde gedoen nie. In Romeine 6 beskryf Paulus hoe Christus die gestalte van 'n sondige mens is: deur Homself met ons te verenig en al ons sonde met ons te deel. Só is Hy die sondes wat ons doen, al doen Hyself geen sonde nie.

Waarvoor?

Sodat daar geen veroordeling is vir elkeen se sondes wie in Jesus Christus ingesluit is nie en sodat Jesus Christus vir ons die Heilige Gees gee wat bevestig dat God die Vader ons as sy kinders aangeneem het.

In die Nagmaal ontvang en word ons met die Heilige Gees vervul

Dit bevestig en verseël die Here Jesus met hierdie gebreekte brood en wyn wat uitgegiet is: wie hierdie brood eet, gebreekte brood en hierdie wyn, wyn wat uitgegiet is, drink, word nooit vir enige sonde wat hy of sy doen veroordeel nie en het die Heilige Gees van die Here Jesus ontvang wat bevestig ons is die Vader se aangenome kinders.

Wie breek vir wie? Die Vader breek sy Seun wat mens geword het. Waarvoor? Sodat sondaars nie veroordeel word nie maar as kinders aangeneem word!

3. In die Nagmaal kan ons nooit sien hoe God sondaars self vir hulle sondes breek nie. Niemand mag die brood en wyn gebruik met die geloof en houding: God het my 'n gebroke mens gemaak nie. Die tekens wys 'n gebroke Christus, nie hoe jy gebreek is nie.

Net so mag ons nooit die brood en wyn sien as tekens hoe onself self vir God moet breek nie. So asof Jesus net die voorbeeld is van hoe ons onself voor God moet breek: om onself aan te kla, te veroordeel, te beskuldig, slag te maak, te straf en te verwerp soos die Vader dit met sy Seun gedoen het nie! Die tekens wys ons met onself moet doen nie, maar wat die Vader met sy Seun gedoen het.

Ons mag nooit in die tekens van die Nagmaal sien dat ons skuldig is vir wat die Vader met die Seun doen nie. Só word dit baie gepreek: Jy moet met die Nagmaal jouself weer voor God breek vir omdat die oorsaak is van wat die Vader met sy Seun moet doen. Dit is vals! Die Vader stuur die Seun, nie ons nie. Wie stuur en breek vir wie? Die Vader doen dit met die Seun. Waarvoor? Om ons heel te maak in en vir sy liefde: sodat daar geen veroordeling vir ons sonde is en Hy aan ons sy Gees gee.

Die Nagmaal is die teken wat ons wys Christus het aan ons die Heilige Gees gegee en vervul ons met sy Gees.

Watter Gees?

Die Gees van God se verbondsliefde volgens Esegël 36: 24 – 28! Die Gees waarin God in sy liefde met ons is en jy met Hom in sy liefde leef; Die Gees waardeur God jou met sy liefde vervul en die Gees waardeur Hy deur sy liefde jou sondige drif in jou verdring en die afgodsbeelde wat jy oor God vir jouself opmaak binne in jou vernietig om jou so vir sy liefde te reinig.

Daarom word die Nagmaal ook in die NT 'n "liefdesmaal" genoem. (Judas vers 12) Christus verseker ons met die teken van sy gebroke liggaam en uitgegote bloed in die Nagmaal dat Hy ons die Heilige Gees gee en met sy Gees vervul: Ons is ingesluit in die volle liefde van God en ons liefde is vir Hom geheilig.

Ons vier nie 'n halwe Nagmaal net met Christus nie, maar die volle Nagmaal waarin Hy ons sy Gees gee. Dit is sy liefdemaal met ons!

4. Hoe bekeer gelowiges hulle van hul sonde wat die Nagmaal só gebruik: as vervulde mense, nie gebroke nie, vervul van en vir God deur sy Heilige Gees?

In die Nagmaal ontvang en word ons met die Heilige Gees vervul

Hulle beker as nuutgemaakte mense!

Wat is hierdie nuutheid? Dit word deur die Heilige Gees bevestig wat ons van Christus ontvang het: ons is deur God die Vader as sy kinders aangeneem en daarom kan ons Hom aanroep as “Abba”, ons Vader, Christus en ons Vader!

Ons is nie meer “ou mense” nie. Ou mense het die gees van verslawing. 'n Gees wat hulle bang maak vir die oordeel van God. Paulus verklaar in rom. 8 dat ons nie meer onder die verpligting staan om as mense wat vir God se oordeel bang is, ons eie lewe los van God moet leef nie. Hierdie bang mes kan ons afsterf. Ons moet in die geloof ons aanneming aanvaar en in die geloof leef dat ons vir geen sonde ooit veroordeel sal word nie. In hierdie geloof moet ons ophou om die ou mens te wees wat vir God en sy oordeel bang was.

Hoe bely jy as 'n nuwe mens wat nie meer die ou mens is wat vir God bang is, jou sondes vir God?

Só! Ek kan nooit my sondes bely in 'n gees van verslawing nie. Ek kan my sondes bely en los vervul met die Gees van God – ek is die Vader se geliefde kind!

Daarom staan ons met die teken van die Nagmaal voor die vraag: bely jy jou sondes as 'n slaaf van God of as 'n kind van God?

Bely jy jou sondes om jouself vir God te breek, bang vir sy veroordeling en sonder sy Gees deur jouself aan te kla, te veroordeel, te beskuldig, sleg te maak, te bestraf, te haat en te minag, omdat die Nagmaal jou wys jy moet soos Jesus jouself vir God breek, of

Bely jy jou sondes met die geloofsekerheid Christus alleen die gebroke sondaar in my plek sodat ek heel in God se liefde, sonder veroordeling met God ons Vader eerlik kan wees oor my sondes?

Ons bely ons sondes as nuwe, nie ou mense nie.

5. Hoe het ons berou oor sonde, as slawe of as kinders van God?

Het ons berou oor sonde uit vrees vir straf, dan is ons met selfbejammering besig. Dit is hoe slawe jammer is oor sonde: deur jammer te wees oor die straf wat hulle toekom. Kinders van God het lief uit die vervulde liefde waarvan die liefdesmaaltye, die Nagmaal hulle verseker. Berou oor sonde in liefde, is skaamte, want net liefde ken skaamte.

As nuwe mense is gelowiges se rou oor sonde, skaamte oor hul sonde in en uit die liefde vir God. Gelowiges is nooit ou mense wat selfbejammerend is uit vrees vir straf nie.

Hoe wy jy jouself aan die wil van God in jou bekering, as slaaf of as kind van God?

In die Nagmaal ontvang en word ons met die Heilige Gees vervul

Paulus wys op hierdie verskil in toewyding Rom. 8: 2: “Die wet van die Gees wat in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.” Slawe gehoorsaam God volgens die wet van sonde en dood en God se kinders, vervul met die Heilig Gee, gehoorsaam die wet van die Gees.

Wat is die verskil in die manier waarop God se wet as wet van sonde en dood werk, en hoe God se wet as wet van die Gees werk?

Dit wys die tekens van die Nagmaal ons! Hierdie tekens wys ons wie is vir ons sonde gebreek en uitgegiet. Dit is Christus. Só! Wie in Christus is, ingesluit in Hom as mens in die hemel, word nooit deur die wet vir sondes veroordeel, aangekla, beskuldig, gestraf, vervloek of verwerp deur God vir die oortredings van die wet nie. Meer nog, die tekens wys ons is vervul met die liefde van die Vader en Hy laat ons gehoorsaamheid aan Hom volkome wees in sy liefde.

Die wet van sonde en dood, is hulle wat die wet gehoorsaam deur self die gebroke mens te wees; self gebreek deur die oordeel en straf van die wet.

Só! Bekeer ons bekeer ons as nuwe mense ons van ons sonde omdat ons deur die Nagmaal glo in die gebroke Christus of bekeer ons van ons sonde as ou mense: mense wie onself vir God in en deur ons bekering breek?

Die Nagmaal is die Here se liefdesmaal met ons: Hy gee ons sy Gees wat ons die Vader se kinders maak en ons nooit veroordeel nie. Hy gee ons die Gees van die gebroke Christus. Wat sondaars heel vir god laat wees. Die Nagmaal is die Baas se geselligheid vir arbeiders wat Hy trakteer en inspireer om toegewyde arbeiders te wees nie.